



Ouers moet nou opstaan

Geweld in Suid-Afrikaanse skole neem toe en dreig om hierdie instellings onbeheerbaar te maak, skryf Michael le Cordeur.

‘Die transformasie van ons land se ekonomie en die onderwys is van die grootste mistykkings van post-apartheid-Suid-Afrika. Die grootste fout wat ons gemaak het, was om die onderwys in die hande van burokrate, politici en vakbonde te laat.’

Dit was hierdie woorde deur die voormalige adjunkminister van finansies, Mcebisi Jonas, wat my as oudonderwyser aan die hart geruk het. Dit tesame met die toenemende geweld in ons skole is die motivering vir die skryf van hierdie artikel.

Ek onthou nog die dag van 27 April 1994 toe ons vir die eerste keer gaan stem het. Daar het ’n gees van opwinding en entoesiasme onder die kiesers geheers en terwyl ons geduldig ons beurt in die eldelange toegewag het, is allerhande menings rondgegooi oor hoe die nuwe regering sou lyk.

As onderwysers wat diep betrokke was in die stryd teen apartheid, sou ons heeltendal tereg oor die toekomstige minister van onderwys bespiegel.

Onderwysmense wie se name genoem is, was prof. Brian O’Connell en dr. Franklin Sonn, terwyl prof. Jakes Gerwel ’n sekere keuse vir hoër onderwys beskou is.

Groot was die teleurstelling dus toe die poste grootliks aan politici toegeken is, terwyl die burokrate van apartheid in hul poste bly sit het.

In hierdie artikel gaan dit oor die geweld in Suid-Afrikaanse skole wat daaglik toeneem en dreig om ons skole so onbeheerbaar te maak dat dit in die toekoms moeilik, selfs onmoontlik sal wees om geskikte onderwysers en skoolhoofde te kry.

Gewapen skool toe

’n Uitgebreide Google-soektoeg wys dat die probleem nie tot een provinsie beperk is nie. Dit is ’n landwye, selfs wêreldwye probleem.

Toe O’Connell lank gelede nog die Wes-Kaapse hoof van onderwys was, het hy gesê om skoolhoof van ’n sekondêre skool te wees, is die uitdagingste van alle beroepe in die moderne Suid-Afrika. Juis daarom het die oormatige groot rol van vakbonde sou speel in die aanstelling van skoolhoofde so vreemd opgeval. Me niese skool sou in disfunksionaliteit vervul omdat skoolhoofde gewoon nie opgewasse vir hul taak was nie. O’Connell se standpunt word gerugsteun deur ’n studie wat dr. Lynette Jacobs, ’n dosent in opvoedkundestudie, gedoen het. Sy se die omgewing van sekondêre skole is gevaarlik en noodsaak leerlinge om gewapen skool toe te kom.

Dit was ook my ervaring as skoolhoof in Stellenbosch toe leerlinge my meegedeel het dat hulle geen an-

der keuse het as om hulself te verdedig nie. Die probleem is dat hierdie wapens soms in die verkeerde hande beland en dan word dit ’n aanvalswaapen en soms selfs ’n moordwapen.

Volgens ’n nasionale studie om geweld in skole te ondersoek, is 52% van die onderwysers in 2012 verbaal mishandel terwyl 12% van hulle fisiek aangerand en 3% seksueel gemolesteer is.

In haar studie het Jacobs bevind dat die leerlinge van meer goeie skole merkbaar meer wapens by hulle dra as leerlinge in minder goeie skole. Leerlinge in die laer grade van sekondêre skole dra en gebruik ook meer wapens as leerlinge in die hoër grade.

Pondering Panda, ’n navorsingsgroep in Suid-Afrika, het reeds in 2012 die navorsingsuitslag oor die probleme in skole bekend gestel. Volgens dié navorsing, waaraan meer as 7000 leerlinge en onderwysers deelgeneem het, is skoolboelies die grootste probleem in Suid-Afrikaanse skole.

Dié inligting het aan die lig gekom kort nadat ’n Johannesburgse gr. 11-leerling, wat herhaaldelik deur medeleerlinge mishandel is, sy polisiebeampte-ma se dienspistool gebruik het om een van sy vermeende boelies dood te skiet.

Verskeie ander voorvalle word landwyd aangemeld waarin leerlinge mekaar met messe aanval en doodsteek.

In twee onlangse voorvalle is ’n onderwyser in die gesig geslaan omdat hy ’n leerling aangespreek het oor sy kleredrag en by ’n ander skool is ’n onderwyser met ’n besem geslaan en uit die klaskamer gejaag.

Verskeie video’s van onderwysers wat leerlinge hardhandig behandel, is al versprei op sosiale media. ’n Soorgelyke voorval is onlangs op TV-nuus gewys.

Gebreke aan dissipline

Ek kan die leser verveel met baie voorbeelde. Die punt is egter om te probeer vasstel hoekom hierdie gewelddadige voorvalle gebeur en hoe dit voorkom kan word.

Die gewone, voorspelbare reaksie deur die gemeenskap is gewoonlik: Die skole van vandag kan geen dissipline handhaaf nie.

Juis omdat ek self ’n onderwyser en skoolhoof was en later ook kringbestuurder wat tugverhore moes behartig, het ek empatie met die onderwyser en die skoolhoof. My teenvraag sou altyd wees: Is daar dissipline in die huis en in die gemeenskap?

Dit laat my dink aan ’n ma wat op ’n Maandagoggend by my kantoor ingebars en geëis het dat ons optree teen ’n sekere meisie wat haar die naweek glo beledig het. My vraag



Hierdie foto is geneem toe die polisie ’n paar jaar gelede ’n klopjag op die Hoërskool Langenhoven in Pretoria uitgevoer het nadat ’n seun net buite die skool aangeval is. Foto: ALET PRETORIUS



Primêr gaan skole gebuk onder geweld weens die algehele gebrek aan reg en orde in ’n ongedissiplineerde samelewing.

was onmiddellik waarom kon die saak nie daar en dan in die gemeenskap opgelos word nie? Het ouers, en by implikasie ook die gemeenskap, hul oerlike gesag sodanig verloor dat hulle nie meer beheer oor hul eie kinders het nie?

Onderwysers is nie gerat om hierdie probleme aan te pak nie. Hulle sit dikwels met oorvol klaskamers en ’n tekort aan dissipline onder leerlinge.

Jacobs se navorsing dui daarop dat kwessies soos om geld en kos met geweld by ander leerlinge af te neem, rasseverskille, godsdienstverskille, asook immigranterstatus vir minder as 10% van die geweld verantwoordelik is.

Al hoe meer kinders kom uit ’n gebroke huis en word blootgestel aan dwehmmisbruik, geweld en misdaad in hul gemeenskappe.

Geweld wat oorspoel

Dit is geen geheim dat Suid-Afrika in ’n gewelddadige land verander het nie. Bendeoorloë (waaroor ek in ’n volgende artikel sal skryf) saal verwoesting in die townships. Kinders sterf in die kruisvuur tussen bendes, en die mate waarin meisies

en vroue verkrag word, skreeu ten hemele. Plaasmoorde neem toe en gewapende roof en moord neem onrusbarende afmetings aan.

Is ons so naïef om te dink die geweld sal nie oorspoel na die skole nie?

Wat my verder ontstel, is dat die blaam hiervoor meestal voor die deur van die onderwysowerhede gele word. Sommige blameer die provinsiale LUR’e of die nasionale minister vir gebrekkige beplanning of onstremde beleidskwessies, terwyl die provinsiale departemente dikwels geblameer word vir boeke wat nie afgelewer word nie.

Daarmee wil ek nie vir een oomblik te kenne gee dat die onderwysdepartemente (die sogenaamde burokrasie) van alle blaam onthef kan word nie. Allermens. Baie van die probleme hierbo genoem speel wel ’n rol, maar dit bly slegs sekondêre redes of bydraende faktore.

Primêr gaan skole gebuk onder geweld weens die algehele gebrek aan reg en orde in ’n ongedissiplineerde samelewing.

Om egter die arme onderwysers in die meeste gevalle as die “een vir Azazel” (die sondebok) uit te sonder, is onregverdig. Ja, daar is onderwysers wat nooit in ’n klaskamer toegelaat moes word nie, maar die oor-grote meerderheid is hardwerkende mense wat graag ’n eerlike verskil wil maak.

So, hoe help ons hulle? Dit was Kurt Levin wat gesê het: Daar is niks so prakties soos ’n goeie teorie nie.

Een so ’n teorie is dat dit al male sonder tal bewys is dat ’n kind wat met dissipline in sy oerhuis grootword, ook meer ontvanklik vir dissiplinêre maatreëls in die skool is. Nog ’n eenvoudige teorie is dat ’n

skool slegs ’n mikrokosmos van die samelewing is. Wat in die land en in ons gemeenskappe gebeur, sal uiteindelik ook in die skool neerslag vind.

Daarom is aksie nou nodig. Die dae dat skole en onderwysers alleen met hierdie probleme opgesaam was, is verby. Ouers en voogde is eweneens verantwoordelik. Hulle moet besef dat hulle steeds die primêre opvoeder bly. Dis ’n rol wat hulle nie kan abdikeer nie.

Ouers en die departement van onderwys het geen ander keuse as om saam te werk ten einde die geweld in skole te stop nie.

Onderwysdepartemente en universiteite moet meer gereeld saamwerk, want ’n diepgaande ondersoek na die geweld in skole het dringend noodsaaklik geword.

Ek stem ook nie saam met diegene wat glo dat leerlinge voor die voet geskors moet word nie. Dit verplaas net die probleem na die gemeenskap, wat nie opgelei is om dit te hanteer nie.

Ek sluit af met Jonas se versugting: “Onderwys was veronderstel om sentraal in ons anti-apartheidstruggel te staan.”

Maar ons het klaaglik misluk om die voordele van ’n ware demokrasie aan ons kinders te bied. Dit het tyd geword dat ouers opstaan en betrokke raak by skole en daarop aandring dat daar behoorlike dissipline en respek is.

Ouers kan nie langer op die kantlyn sit nie.

■ Prof. Le Cordeur is die voorsitter van die departement van kurrikulumstudies aan die Universiteit Stellenbosch.

